# NAMDA

# TRUSTDEED

**BVZ** Prokureurs
Attorneys
B J VAN ZYL (B.Proc)

Arkstraat 1 / 1 Ark Street
Springbok, 8240
902, Springbok, 8240
027 712-3169
027 712-3170
bvzproc@telkomsa.net

Ons Verwysing / Our Reference | BVZ/mg/
U verwysing / Your reference |

Datum / Date | 26 November 2009

NAMDA
3 Rivierstraat
Posbus 1018
SPRINGBOK
8240

Meneer,

GIBEL CC, KLEIN BEGIN, PE DE WET VERVOERDIENSTE, XYZ CONSTRUCTION, NAKANAS DIAMOND CC, NEW GENERATION DEVELOPMENT, MASIBAMBASANI CHRUSHERS, WITBANK NA, TECHNO SHOP, MAYENZEKE MAGIC CONSULTATIONS, KUBOES VERSPREIDERS, MIGHTY MOVE OF GOD, MSVIR CHICKEN FARMS CC, EAJ ENTERTAINMENT CENTRE, NAMAQUA STYLE AND AUTO SPORT, SZD & D ENGENEERING SERVICES CC, TOP SPARES, HOMI AI GAME SHOP & PARTYLAND, SUTHERLAND TYRE REPAIR & FITMENT CENTRE, FASHION AN DVARRIETIES, NAMAQUA HEALTH FITNESS CLUB CC, ONE WAY SHOPPING COMPLEX, NOLLOTHVILLE WHOLESALERS, JRB UPHOLSTERERS CC, ARNO'S, NTP MANUFACTURERS, MELKBOSRAND LANDBOU, SUGAR DADDY,

Ons verwys na bostaande en konsultasie met u Mnr Strauss op 26 November 2009 en berig die volgende:

1. GIBEL CC: Skrywe terug ontvang vanaf Schreuders Prokureurs.

2. KLEIN BEGIN: Geen terugvoer op brief ontvang nie.

3. PE DE WET VERVOERDIENSTE: Net een betaling van R 1000.00 is op 29-07-2009 gemaak. Kontaknommer is nie meer in werking nie. Brief is aan Mnr De Wet gestuur vir dringende afspraak. Geen terugvoer is nog ontvang nie. Fisiese adres is onbekend.

4. XYZ CONSTRUCTION: Nommer bestaan nie meer nie. Posadres is nie vir XYZ Construction of Mnr JP Oppel nie.

5. NAKANAS DIAMOND CC: Telefoon nommer is by 'n Heyn woning en adres is ook onvolledig. Brief het ook terug gekom.

6. NEW GENERATION DEVELOPEMENT: Nommer bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

7. MASIBAMBASANI CRUSHERS: Posadres op Lening is verkeerd. Skrywe het nie by Mnr van Rooy uitgekom nie. Het hom telefonies opgespoor. Hy sal by 9 Januarie 2010 kan inkom om 'n ooreenkoms met ons aan te gaan. Hy is tans in Port-Elizabeth.

8. WITBANK NAM: Nommer bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

9. TECHNO SHOP: Nommer bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

10. MAYENZEKE MAGIC CONSULTATIONS: Nommer bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

11. KUBOES VERSPREIDERS: Nommer bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

12. MIGHTY MOVE OF GOD: Albei nommers bestaan nie meer nie. Posbus adres waarheen skrywe gerig is, is gesluit.

13. MSVIR CHICKEN FARMS CC: Mnr Hein het op 10 November 2009 met Mnr Ben van Zyl konsulteer.

14. EAJ ENTERTAINMENT CENTRE: Nommer bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

15. NAMAQUA STYLE AND AUTO SPORT: Geen kontaknommer kon gevind word nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

16. SZD&D ENGENEERING SERVICES CC: Nommers bestaan nie meer nie. Posbus waarheen skrywe gerig is, is gesluit.

17. NAMA DESERT RESOURCES: Nommers bestaan nie meer nie. Posbus gesluit waarheen skrywe gestuur is.

18. TOP SPARES: Nommer bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

19. HOMI AI GAMESHOP & PARTYLAND: Nommer bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

20. SUTHERLAND TYRE REPAIR & FITMENT CENTRE: Nommers bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

21. FASHION AND VARRIETIES: Beide nommers bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

22. NAMAQUA HEALTH FITNESS CLUB CC: Mnr Mario Baadjies het nie Skrywe ontvang nie, kon hom telefonies opspoor. Hy sal voor 15 Desember 2009 met ons 'n Skuldooreemkoms aangaan vir terugbetaling.

23. ONE WAY SHOPPING COMPLEX: Nommer bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

24. NOLLOTHVILLE WHOLESALERS: Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

25. JRB UPHOLSTERERS: Nommer bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

26. ARNO'S: Nommer bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

27. NTP MANUFACTURERS: Nommers bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

28. MELKBOSRAND LANDBOU: Nommers bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

29. SUGAR DADDY: Nommer bestaan nie meer nie. Nog geen terugvoer ontvang op skrywe nie.

Die uwe

..........................................

B.J. VAN ZYL

Attorneys · Notaries · Conveyancers

# APPIES & PARTNERS

**NAMDA**
**(NAMAQUALAND DEVELOPMENT AGENCY)**
**TRUST**

EFFECTIVE LEGAL SOLUTIONS

HEAD OFFICE

254 8TH AVENUE
KRAAIFONTEIN
7570

P. O. BOX 16
KRAAIFONTEIN
7569

# APPIES & PARTNERS

TEL: +27 (21) 987 3583
FAX: +27 (21) 988 9261

www.appies.law.za
johann@appies.law.za

IN ASSOCIATION WITH VAN DER SPUY & PARTNERS, ALSO AT:

BELLVILLE
304 DURBAN ROAD, THE BRIDGE, BUILDING 4, 2ND FLOOR

CAPE TOWN
18 LOWER BURG STREET, BOLAND BANK BUILDING

EFFECTIVE LEGAL SOLUTIONS

# TRUSTAKTE

MASTER OF THE HIGH COURT CAPE TOWN R10 2004-02-26 KAAPSTAD MEESTER VAN DIE HOË HOF

# NAMDA TRUSTAKTE

MASTER OF THE HIGH COURT PRIVAATSAK X5015 05 MAR 2004 KIMBERLEY 8300 MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

MEMORANDUM VAN 'N OOREENKOMS MET BETREKKING TOT 'N SKENKING IN TRUST, GEMAAK EN AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

**NAMAKWA DISTRIK MUNISIPALITEIT**

hierin verteenwoordig deur Mnr Joshua Losper behoorlik daartoe gemagtig

9/3/04.

**en**

**Joshua Losper**
Identiteitsnommer: 660616 5194 018

**( hierna die** OPRIGTER **genoem )**

**John James Cardinal**
Identiteitsnommer: 580111 5124 089

**Gert Maarman**
Identiteitsnommer: 540227 5164 016

**Elizabeth Evaline Links**
Identiteitsnommer: 530727 0179 082

**Beverley Edwina Vries**
Identiteitsnommer: 620121 0133 086

**Anna Aletta Witbooi**
Identiteitsnommer: 580527 0014 084

**Allen Delie**
Identiteitsnommer: 571126 0233 082

**Bentley Gavin Vass**
Identiteitsnommer: 721226 5050 082

Irwin
**~~Irvin~~ Frederick Januarie**
Identiteitsnommer: 690812 5060 085

**(hierna die** TRUSTEES **genoem)**

AANGESIEN die Oprigter begerig is om 'n trust vir die doeleindes van en op die terme en onderhewig aan die voorwaardes in hierdie trustakte vervat, te stig;

EN AANGESIEN die trustees hulleself bereid verklaar het om as trustees op te tree en om die skenking te aanvaar en dit ten behoewe van die begunstigdes te hou en aan te wend, onderhewig aan die voorwaardes wat deur die Oprigter bepaal is en in die trustakte genotuleer word;

**NOU DERHALWE GETUIG DIE AKTE DAT DIE OPRIGTER EN DIE TRUSTEES SOOS VOLG OOREENGEKOM HET:**

**1 <u>WOORDOMSKRYWINGS</u>**

1.1 In hierdie trustakte, tensy dit uit die samehang anders blyk:

1.1.1 sluit woorde wat die enkelvoud aandui, ook die meervoud in en omgekeerd; woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in en omgekeerd;

1.1.2 sluit enige verwysing na persone ook regspersone en trusts in;

1.1.3 sluit 'n verwysing na maatskappye ook beslote korporasies en ander regspersone in en sluit 'n verwysing na aandele ook ledebelange in, indien van toepassing.

1.2 Die volgende uitdrukkings sal die volgende betekenis hê, naamlik:

**BEGUNSTIGDES** beteken:

(i) Alexkor Ontwikkelingstigting, Nr. IT 3171/93, 'n Liefdadigheidstrust, 'n trust met as doelstelling die sosio-ekonomiese opheffing van minder bevoorregte persone in Namakwaland; en

(ii) Namakwaland Diamantfonds Trust (NDFT) Nr. IT 1202/94 'n Liefdadigheidstrust met as doelstelling die opvoeding en sosio-ekonomiese opheffing van minder bevoorregte persone in Namakwaland veral inwoners van die Landelike Gebiede daarvan.

(iii) Enige ander regspersoon of trust met as doelstelling die sosio-ekonomiese opheffing van minder bevooregte persone van alle gemeenskappe binne die grense van die Namakwa Distriksraad, wat as 'n liefdadigheidsorganisasie van 'n openbare aard ingevolge artikel 10(1)(f) van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is;

| | |
|---|---|
| **NAMAKWALAND** | verwys na afdeling Namakwaland |
| **BREËR NAMAKWA** | verwys na die gebied binne die geografiese grense van die Namakwalandse Distrikstraad. |
| **TRUSTAKTE** | verwys na hierdie dokument in sy geheel; |
| **NAMBID** | Namakwaland Besigheid Inligting Dienssentrum |
| **TRUSTEES** | verwys na die ampsbekleers van die trustee-amp en sluit in die eerste Trustees en enige verdere of latere trustees van die trust van tyd tot tyd; |
| **TRUSTEESKAP** | verwys na die amp wat die trustees van die trust beklee; |
| **TRUSTGOED en TRUSTFONDS** | verwys na die bates van die trust wat in die trustees vestig of waarop hulle 'n vorderingsreg het, insluitende voorwaardelike regte, naamlik die aanvanklike skenking en enige toevoegings daartoe, ongeag die bron waaruit sodanige toevoegings afkomstig is. |

## 2 SKEPPING EN NAAM VAN TRUST

By wyse van die hiernavermelde skenking aan die trustees ten behoewe van die begunstigdes word 'n trust hierkragtens geskep, welke trust bekend sal staan as die **NAMAQUALAND DEVELOPMENT AGENCY (NAMDA) TRUST**.

10.2.14 van die dienste van professionele adviseurs en van ambagsmanne vir die sake van die trust gebruik te maak en vir sodanige dienste uit die trustfonds te betaal;

10.2.15 enige koste in verband met die administrasie van die trust, uit die trustfonds te betaal;

10.2.16 skenkings of erflatings ten behoewe van die trust van enigiemand te aanvaar, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes van hierdie trustakte, en, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes waarmee sodanige verdere skenking en/of erflating gepaard mag gaan;

10.2.17 boerdery en enige besigheid in naam van die trust, hetsy vir wins of andersins, alleen of in vennootskap of assosiasie, te bedryf;

10.2.18 maatskappye of ander regspersone wat die reg toelaat in enige deel van die wereld op te rig met sodanige doelstellings as wat die trustees mag bepaal, die stemreg verbonde aan aandele of belange wat in die trustees vestig, uit te oefen, en in die algemeen alles met betrekking tot so 'n maatskappy of ander regspersoon te doen wat 'n aandeelhouer of belanghebbende ingevolge die statutere bepalings wat op maatskappye of sodanige ander regspersone van toepassing is, mag doen;

10.2.19 in geval van 'n maatskappy of effektetrust waarvan die statute die oordrag van aandele in naam van die trustees verbied, die aandele in hulle persoonlike name te hou as genomineerdes van en ten behoewe van die trust;

10.2.20 by ontvangs deur die trust van 'n likwidasiedividend, te bepaal of dit deel van die inkomste of kapitaal van die trust sal vorm;

10.2.21 kontrakte met hulleself in hulle persoonlike hoedanighede, gesamentlik of afsonderlik, te sluit, mits die trustees deurgaans vooraf hulle persoonlike belange in sodanige kontrakte openbaar maak en mits sodanige handelinge nie tot nadeel van die trust is nie;

10.2.22 by die uitoefening van enige van die voormelde magte alle dokumente te teken en alle stappe te doen wat nodig mag wees om betekenisvol aan 'n besondere mag uitvoering te gee;

10.2.23 tussentydse uitkerings van trustgoed aan begunstigdes van die trust, op sodanige wyse en tydstip en in sodanige vorm as wat die trustees mag goeddink, te maak;

10.2.24 in die algemeen die magte en bevoegdhede van 'n maatskappy-direksie uit te oefen en, veral, om mutatis mutandis die bevoegdhede in Bylae 2 tot die Maatskappywet Nr 61 van 1973 aan 'n maatskappy verleen, uit te oefen;

10.2.25 op naam van die trust lidmaatskap en enige kredietfasiliteite by enige landbou- en of ander kooperatiewe maatskappy of vereniging, of enige ander vereniging, te verkry en te benut en om vir die doel die trustgoed of enige gedeelte daarvan by wyse van pand, hipoteek of verband as sekuriteit te verbind.

**11 LANDBANKVERBANDE**

Trustees het die reg om by die Land- en Landboubank van Suid-Afrika (hierna genoem die Landbank) aansoek te doen vir 'n lening of lenings teen sekuriteit van die trustgoed, roerende sowel as onroerende eiendom, en op voorwaardes soos deur die Landbank bepaal en wat deur die trustees skriftelik aanvaar word.

**12 AANWENDING VAN INKOMSTE EN KAPITAAL**

Die trust is 'n diskresionere trust wat die aanwending, toekenning en verdeling van trustinkomste en trustkapitaal betref en die trustees is geregtig om:

12.1 in hul absolute diskresie aan enige begunstigde of begunstigdes sodanige tussentydse uitkerings van trustkapitaal of-bates te maak as wat die trustees redelik en wenslik mag ag;

12.2 inkomste volgens hulle absolute diskresie aan enige begunstigde toe te ken of van hom te weerhou sender om die beginsels van gelyke behandeling van begunstigdes toe te pas;

12.3 alle koste wat die trustees in verband met die administrasie van die trust aangegaan het, te betaal;

12.4 uit die trustgoed terugbetalings aan hulleself maak ten opsigte van uitgawes wat hulle persoonlik mag aangegaan het in die uitvoering van hulle pligte as trustees;

12.5 inkomstebelasting te betaal;

12.6 inkomste in die trust op hoop ten einde die trustgoed aan te vul.

12.7 andersins die trustgoed slegs aan te wend om die doelstellings van die trust soos vervat in klousule 5.1 te bereik.

**13 PLIGTE VAN TRUSTEES**

Afgesien van die gemeenregtelike pligte wat aan die amp van 'n trustee kleef, is trustees onderhewig aan al die pligte van 'n trustee soos in die Wet op die Beheer oor Trustgoed Nr 57 van 1988 uiteengesit, naamlik om:

13.1 die oorspronklike trustakte of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif daarvan by die Meester van die Hoerhof in te dien;

13.2 slegs as trustee op te tree na ontvangs van die nodige magtigingsbrief van die Meester van die Hoerhof;

13.3 onmiddellik 'n trustrekening by 'n bank of bouvereniging op naam van die trust te
open en alle gelde wat die trust verkry in sodanige rekening te stort;

13.4 alle bates van die trust en alle titelaktes en dokumente met betrekking tot die trust in besit te neem en in bewaring te hou;

13.5 behoorlik boek te hou of te laat hou van die sake van die trust;

13.6 alle trustgoed deurlopend afsonderlik te hou of te registreer sodat dit altyd as trustgoed geidentifiseer kan word;

13.7 nie oor enige bates van die trust vir hulle eie voordeel of vir die voordeel van hulle boedels te beskik nie en om deurlopend met sorgsaamheid en ywer op te tree soos wat redelikerwys van iemand wat die sake van 'n ander hanteer, verwag kan word.

## 14 PROFESSIONELE DIENSTE

14.1 Die trustees is verplig om behoorlik boek te hou van die sake van die trust, welke boeke jaarliks tot en met die einde van die finansiele jaar van die trust, in die diskresie van die trustees geoudit mag word en daar moet finansiele state opgestel word. Lede van die Namakwalandse en breër Namakwa gemeenskap is op aanvraag geregtig op 'n afskrif van die jaarlikse finansiele state van die trust.

14.2 Die trustees is geregtig om van die dienste van professionele persone gebruik te maak insoverre sodanige dienste noodsaaklik of wenslik geag word vir doeleindes van die trust.

## 15 PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN TRUSTEES

'n Trustee is slegs persoonlik aanspreeklik vir verliese wat die trust ly as sodanige verliese die gevolg is van die trustee se versuim om met die sorgsaamheid, ywer en kundigheid op te tree wat van iemand verwag kan word wat die sake van 'n ander hanteer. 'n Trustee is nie aanspreeklik vir die troubreuk van 'n mede-trustee nie tensy daar samespanning tussen die trustees was.

## 16 VERGOEDING AAN TRUSTEES

16.1 Die trustees is geregtig op vergoeding vir hulle dienste volgens 'n tarief wat hulle billik ag mits sodanige vergoeding nie die neergelegde tariewe van professionele trustees vir soortgelyke dienste oorskry nie.

16.2 'n Trustee wat 'n prokureur, rekenmeester of ander professionele persoon is, is geregtig op sodanige vergoeding vir professionele dienste gelewer ewe asof hy nie 'n trustee van die trust is nie.

## 17 VERGADERINGS VAN TRUSTEES EN BESLUITE

17.1 Die trustees moet van tyd tot tyd vergader om die sake van die trust te bespreek en besluit daaroor te neem. In die verband geld die volgende reelings:

(a) Buiten in die geval waar besluite ingevolge klousules 10.2.5, 18 en 19 geneem word, vorm minstens die helfte van die trustees 'n kworum op alle vergaderings waarvan minstens 14 dae kennis gegee moet word.

(b) Op die eerste vergadering van trustees kies hulle uit eie geledere 'n voorsitter, welke voorsitter vir sodanige tydperk as wat die trustees bepaal, in die hoedanigheid sal optree.

(c) Minstens een-derde van die trustees het die reg om 'n vergadering van trustees byeen te roep.

(d) Beleidsrigtings en prosedures wat op vergaderings gevolg moet word, word deur die trustees self bepaal.

(e) Die besluite wat op vergaderings geneem word, moet behoorlik genotuleer word en oor die algemeen moet dieselfde prosedure gevolg word soos in Artikel 204 van die Maatskappywet Nr 61 van 1973, of latere wysigings daarvan, voorgeskryf.

17.2 'n Besluit wat op skrif gestel en deur al die trustees onderteken is, het dieselfde regskrag as 'n besluit wat op 'n vergadering van trustees geneem is.

17.3 Die trustees is verplig om minstens vier keer per jaar 'n vergadering te hou. Een maal per jaar moet vergader word om 'n besluit te neem oor die aanwending en/of toekenning van inkomste wat oor die voorafgaande jaar verdien is. Sodanige vergadering moet so spoedig doenlik na die einde van die trust se boekjaar gehou word en die besluite in verband met die verdeling of toekenning van inkomste, is terugwerkend effektief tot die laaste dag van die boekjaar.

17.4 Die trustees kan minstens twee trustees magtig om alle dokumente vir amptelike doeleindes wat vir die administrasie van die trust en ter uitvoering van enige transaksie wat met die trust se sake verband hou, nodig is, namens die trustees te teken en enige besluit wat deur 'n trustee gesertifiseer is as 'n ware uitreksel uit die notule van 'n besondere besluit van al die trustees, het in alle opsigte die regskrag as 'n besluit wat deur al die trustees geteken is.

## 18 WYSIGING VAN TRUSTAKTE

Die trustdokument kan deur 'n besluit van driekwart van die trustees, op 'n vergadering waarop alle trustees teenwoordig moet wees, gewysig word.

## 19 BEËINDIGING VAN TRUST EN VERDELING VAN TRUSTGOED

Hierdie trust sal onbepaald voortduur en kan slegs beeindig word deur 'n driekwart meerderheidsbesluit van die trustees op 'n vergadering waarop alle trustees teenwoordig moet wees. By ontbinding van die trust sal die bates van die trust oorgedra word aan sodanige persoon of persone as wat die trustees op die vergadering waarop die besluit tot ontbinding van die trust geneem word by wyse van 'n driekwart meerderheidsbesluit sal bepaal.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN te **SPRINGBOK** in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie **26ste** dag van **NOVEMBER 2003**.

**AS GETUIES**

1. ____________ 

**JOSHUA LOSPER**
(OPRIGTER)

2. ____________

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN te **SPRINGBOK** in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie **26ste** dag van **NOVEMBER 2003**.

**AS GETUIES**

1. ____________

**JOHN JAMES CARDINAL**
(TRUSTEE)

2. ____________

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN te **SPRINGBOK** in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie **26ste** dag van **NOVEMBER 2003**.

**AS GETUIES**

1. ______________________

2. ______________________

______________________
**GERT MAARMAN** (TRUSTEE)

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN te **SPRINGBOK** in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie **26ste** dag van **NOVEMBER 2003**.

**AS GETUIES**

1. ______________________

2. ______________________

______________________
**ELIZABETH EVALINE LINKS**
(TRUSTEE)

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN te **SPRINGBOK** in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie **26ste** dag van **NOVEMBER 2003**.

**AS GETUIES**

1. ______________________

2. ______________________

______________________
**BEVERLEY EDWINA VRIES**
(TRUSTEE)

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN te **SPRINGBOK** in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie **26ste** dag van **NOVEMBER 2003**.

**AS GETUIES**

1. ______________________

2. ______________________

______________________
**ANNA ALETTA WITBOOI**(TRUSTEE)

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN te **SPRINGBOK** in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie **26ste** dag van **NOVEMBER 2003**.

**AS GETUIES**

1. ______________________

2. ______________________

______________________
**ALLEN DELIE** (TRUSTEE)

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN te **SPRINGBOK** in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie **26ste** dag van **NOVEMBER 2003**.

**AS GETUIES**

1. ______________________

2. ______________________

______________________
**BENTLEY GAVIN VASS** (TRUSTEE)

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN te **SPRINGBOK** in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie **26ste** dag van **NOVEMBER 2003**.

**AS GETUIES**

**1.** ______________________

**2** ______________________

______________________
**IRWIN FREDERICK JANUARIE**
(TRUSTEE)

## 3 SKENKING

Die oprigter skenk hiermee aan die trustees 'n bedrag van RI00,00 (EENHONDERD RAND) welke skenking gemaak en deur die trustees aanvaar word vir doeleindes van die trust en welke skenking die aanvanklike trustfonds van die trust sal verteenwoordig. Enige latere toevoegings tot die trustfonds, ongeag die bron waaruit sodanige toevoegings afkomstig mag wees, sal, as dit deur die trustees aanvaar word, deel van die trustfonds vorm en sal onderhewig aan die bepalings van die trustakte deur die trustees gehou en geadministreer word.

## 4 VESTIGING VAN REGTE OP TRUSTGOED

By die aanvaarding deur die trustees van hulle trusteeskap hierkragtens, en van die voormelde skenking in trust, verwerf die trustees onmiddellik 'n vorderingsreg teenoor die skenker vir oorhandiging van die bedrag van die skenking, en is hulle geregtig en verplig om toe te sien dat die skenking aan hulle oorhandig word. Tydens die geldigheidsduur van die trust is die trustees verplig om alle bates van die trust en alle titelaktes en dokumente met betrekking tot die trustfonds in besit te neem en in bewaring te hou.

## 5 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die trust is:

5.1 Die sosio-ekonomiese opheffing van die inwoners van Namakwaland en die breër Namakwa, die skepping van infrastruktuur en die bevordering van die ekonomie, toerisme en werkskepping tot voordeel van alle gemeenskappe in maar veral minder bevoorregte persone in Namakwaland en die breër Namakwa, deur onder andere:

5.1.1 alleen of in vennootskap met enige persoon besigheid - of boerdery aktiwiteite in alle vertakkings daarvan in Namakwaland en die breër Namakwa te bedryf en/of belange in entiteite (ingesluit beslote korporasies) wat besigheids of boerdery aktiwiteite in Namakwaland en die breë Namakwa bedryf, te bekom;

5.1.2 lenings te maak teen sodanige rentekoerse as wat die trustees van tyd tot tyd in hul uitsluitlike diskresie mag bepaal aan:

- entrepeneurs, inrigtings en ondernemings wat in Namakwaland en die breër Namakwa besigheid bedryf of opereer;
- leerders en studente wat in Namakwaland en die breër Namakwa woonagtig is of van Namakwaland en die breër Namakwa afkomstig is; en

5.2 Surplus trustinkomste, in die uitsluitlike diskresie van die trustees en onderhewigaan die bepalings van hierdie trustakte, aan 'n begunstigde of begunstigdes oor te dra ter skepping van infrastuktuur en die verbetering van die lewensgehalte van minderbevoorregte persone en gemeenskappe in Namakwaland en die breër Namakwa.

**6 BEPALINGS MET BETREKKING TOT GETAL TRUSTEES, BEEINDIGING VAN AMP EN OPVOLGENDE TRUSTEES**

6.1 Die eerste trustees van die trust is:

| | |
|---|---|
| Joshua Losper | **Identiteitsnommer: 660616 5194 018** |
| John James Cardinal | **Identiteitsnommer: 580111 5124 089** |
| Gert Maarman | **Identiteitsnommer: 540227 5164 016** |
| Elizabeth Evaline Links | **Identiteitsnommer: 530727 0179 082** |
| Beverley Edwina Vries | **Identiteitsnommer: 620121 0133 086** |
| Anna Aletta Witbooi | **Identiteitsnommer: 580527 0014 084** |
| Allen Delie | **Identiteitsnommer: 571126 0233 082** |
| Bentley Gavin Vass | **Identiteitsnommer: 721226 5050 082** |
| Irwin Frederick Januarie | **Identiteitsnommer: 690812 5060 085** |

6.2 Daar moet te alle tye minstens AGT (8) en hoogstens TWAALF (12) trustees in amp wees, met dien verstande dat in geval daar minder as AGT (8) trustees oorbly as gevolg van die bedanking of dood van 'n mede-trustee(s), die oorblywende trustee(s) gemagtig is om alle magte

van trustees uit te oefen vir die administrasie van die trust tot tyd en wyl 'n verdere trustee(s) aangestel is. Solank daar minder as AGT (8) trustees in amp is, sal sodanige trustees, terwyl hulle alleen ageer, geen geldige besluit kan neem rakende die verdeling van inkomste of kapitaal of wysiging van die trustakte nie.

6.3 Die samestelling van die raad van trustees is deurgans soos volg:

6.3.1 Die Alexkorstigting sy regsopvolger of regsverkrygende sal 4 (vier trustees benoem)

6.3.2 Die NDFT sal een (1) trustee benoem.

6.3.3 NAMBID sal een (1) trustee benoem.

6.3.4 Die Namakwa Distrik Munisipaliteit sal twee (2) trustees benoem.

6.4 Die eerste trustees word aangestel vir 'n aanvanklike tydperk van drie jaar waarna een-derde jaarliks by wyse van alfabetiese orde uittree. Uittredende trustees sal herverkiesbaar wees. Rotasie vind op jaarvergaderings plaas.

6.5 Vakante poste wat tussentyds ontstaan word gevul deur die aanstelling vantrustees deur oorblywende trustees maar altyd in ooreenstemming met die bepalings van 6.3.

6.6 'n Opvolgende trustee het, sodra hy sy benoeming as trustee skriftelik aanvaarhet, alle magte en is onderhewig aan alle pligte van 'n trustee van die trust, ewe asof hy een van die eerste trustees van die trust was.

6.7 'n Trustee hou op om as 'n trustee van die trust op te tree:

6.7.1 as hy as trustee bedank, wat hy geregtig is om te doen deur skriftelike kennisgewing aan sy mede-trustee(s) te dien effekte;

6.7.2 as hy as geestelik versteurd gesertifiseer word;

6.7.3 as sy boedel gesekwestreer word, hetsy voorlopig of finaal, of as hy sy boedel ten behoewe van sy skuldeisers oorgee of as hy 'n kompromis met sy skuldeisers aangaan;

6.7.4 as hy ingevolge die bepalings van die Maatskappywet soos van tyd tot tyd in die Republiek van Suid-Afrika van krag, nie kwalifiseer om as 'n direkteur van 'n maatskappy diens te doen nie;

6.7.5 as hy deur 'n besluit van minstens twee- derdes van die trustees gevra word om te bedank;

6.7.6 as hy sonder 'n aanvaarbare verskoning drie agtereenvolgende trusteesvergaderings nie bywoon nie.

**7 SEKERHEIDSTELLING DEUR TRUSTEES**

'n Trustee wat as sodanig diens doen, hetsy 'n eerste trustee of 'n opvolgende trustee, word daarvan vrygestel om sekuriteit aan die Meester van die Hoërhof of aan enige ander persoon of instansie in terme van die Wet op die Beheer oor Trustgoed Nr 57 van 1988, of onder enige ander statutere bepaling, vir die behoorlike nakoming van sy pligte as trustee, te verskaf.

**8 AFWESIGHEID VAN 'N TRUSTEE**

'n Trustee wat tydelik afwesig is van die adres waarvandaan die trust sy besigheid doen, is nie geregtig om 'n mede-trustee te magtig om in sy plek op te tree nie.

9.1 Waar daar in die akte na die diskresie van trustees verwys word, beteken sodanige diskresie 'n uitsluitlike en absolute diskresie wat in die trustees vestig.

9.2 Besluite wat die trustees neem, geskied buiten in die geval waar besluiteingevolge klousules 10.2.5, 18 of 19 geneem word , by wyse van 'n gewone meerderheidvanstemme. Die voorsitter beskik oor 'n beslissende stem.

9.3 Indien 'n meerderheidstem nie in verband met 'n saak verkry kan word nie,moet die aangeleentheid verwys word na 'n senior advokaat of 'n afgetrede Appelregter, op wie die trustees besluit het, en, by ontstentenis van eensgesindheid in die verband, na 'n senior advokaat wat aangewys sal word deur die voorsitter van die Balieraad binne die jurisdiksiegebied van die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof waar hierdie trust geregistreer is. Die arbiter aan wie die dispuut voorgele word, bepaal self

die prosedure wat gevolg sal word en sy beslissing is finaal en bindend op die trustees.

9.4 Stemming geskied deur die opsteek van hande tensy enige trustee voordat daar tot stemming oorgegaan word 'n stemming per stembrief vereis, onderhewig aan 9.2.

## 10 MAGTE VAN TRUSTEES

10.1 Die magte wat vir die trustees in hierdie trustdokument omskryf word, is magte waarmee die trustees ampshalwe beklee word ten einde hulle in staat te stel om met die trustfonds te handel ter bevordering van die trustdoelstelligs soos uiteengesit in 7 en nie tot die persoonlike voordeel van die trustees nie. Die omvangrykheid van die magte wat in trustees setel, moet altyd so geinterpreteer word dat die essensie van die trust, naamlik, die bevordering van die trustdoelstellings, nie leed aangedoen word nie.

10.2 Die trustees het te alle tye al sodanige magte as wat nodig is om met die trustgoed te handel as wat hulle, volgens hulle uitsluitlike diskresie nodig ag om die trustdoel ten beste te bereik. Sonder inperking van die algemene bevoegdhede van die trustees, is die trustees gemagtig om:

10.2.1 'n bankrekening en/of 'n bouverenigingrekening in die naam van die trust te open, tjeks daarop te trek en gelde daarop te deponeer, wissels en waarborge daarteen te laat uitreik en wissels ten gunste van die trust aan die bank waar die bankrekening geopen is, vir invordering te oorhandig.

10.2.2 goedere van enige aard, roerend en onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, aandele, effekte, skuldbriewe en sekuriteite, te koop, te verkoop, te ruil en te huur, op sodanige voorwaardes as wat die trustees bepaal en om regte te sedeer;

10.2.3 gelde wat deel van die trustgoed uitmaak, te belê;

10.2.4 in sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes as wat die trustees bepaal;

10.2.4 bestaande beleggings of beleggings wat die trustees gemaak het, in daardie vorm te behou of hulle te wysig;

10.2.5 lenings, met of sonder rente, en op sodanige voorwaardes as wat die trustees bepaal, aan begunstigdes en ander persone of instansies van die trustees se keuse, te maak, met of sonder sekuriteit. Met dien verstande dat 'n lening slegs aan 'n trustee gemaak mag word indien die toestaan van die lening goedgekeur is deur minstens driekwart van die trustees op 'n vergadering waarop alle trustees teenwoordig is en die trustee wat aansoek om 'n lening gedoen het, buite stemming bly.

10.2.6 lenings vir doeleindes van die trust aan te gaan, met of sonder rente en met of sonder sekuriteit, en op sodanige voorwaardes as waarop met die persoon of instansie wat die lening aan die trustees maak, ooreengekom word;

10.2.7 enige bate van die trust onder verband te bring, dit te verhipotekeer of 'n retensiereg daarop te gee;

10.2.8 enige vaste eiendom wat deel van die trustgoed vorm, te verkoop, te verhuur, te verbeter, te verander en te onderhou en desnoods vaste verbeterings te sloop en nuwe verbeterings op te rig;

10.2.9 huurgeld in te vorder en huurkontrakte te kanselleer en die nodige stappe te doen vir die uitsetting van 'n huurder uit 'n verhuurde eiendom en dorpstigting en deeltitelontwikkeling daarop te onderneem;

10.2.10 regsgedinge in te stel of te verdedig;

10.1.11 vergaderings van skuldeisers van 'n privaat individu, regspersoon of liggaam wat 'n skuldenaar van die trust is, by te woon, ongeag of die vergadering met insolvensie, likwidasie of geregtelike bestuur verband hou; te stem oor enige saak wat aan die vergadering voorgele word, en, in die algemeen alle regte wat aan 'n skuldeiser in soortgelyke omstandighede toekom, uit te oefen;

10.2.12 die nakoming van die verpligtinge van enige persoon of regspersoon, teen vergoeding of gratis, te waarborg as borg en medehoofskuldenaar, en, as kollaterale sekuriteit vir die doel, 'n bate van die trust as sekuriteit te verbind, mits sodanige borgstelling tot voordeel van die trust en die begunstigdes is;

10.2.13 kwitansies, ontheffings of vrywarings te gee ten aansien van enige bedrag geld of vordering wat ontvang is of waaraan voldoen is;